Geregistreer aan die Hoofposkantoor as 'n Nuusblad.

# DIE O.B.

Jrg. 11. Kaapstad, 28 Mei 1952. Prys 3d. Nr. 26.

## Regering Plaas Verbod op Blad

**Die regering het sy optrede teen kommunisme die afgelope week uitgebrei tot 'n verbod op die publikasie van die weekblad The Guardian. Die blad het 'n surkulasie van 20,000 en een van die direkteure is dr. Y. M. Dadoo, wat reeds as kommunis „genoem" en in kennis gestel is dat hy onderhewig is aan beperkinge wat kragtens die wet op onderdrukking van kommunisme toegepas kan word.**

## „BELEDIG MAN WAT MEESTE DOEN VIR BRITTANJE"

**'n Waarskuwing dat die Engelse pers versigtiger moet wees in sy kritiek op dr. Malan, aangesien dr. Malan meer vir Engeland doen as die ander dominiums, is vervat in kommentaar in die Cape Times van 20 Mei.**

Die blad skryf:

„Die openbare mening hier hou nie van die soort oningeligte buitelandse aanvalle op hierdie land soos weergegee word in die opskrif waarmee die Sunday Pictorial die eerste minister van 'n vriendskaplike dominium teken as „die mees gehate man van 1952" nie.

**„Dit is die man wie se regering kort gelede pragtig tot hulp van Brittanje in sy geldelike nood gekom het. En hierdie feit kan gestel word naas hierdie berig in die Londense Sunday Times van 27 April: ‚Indië gaan waarskynlik die voorbeeld van Australië en Nu-Seeland volg deur die handel met Brittanje in te kort.'**

**„Dit is 'n pad wat Suid-Afrika nie gevolg het nie, hoewel dit skyn of daar mense in Brittanje is wat hom graag tot so 'n optrede wil uittart."** Aldus die Cape Times.

# S.A. HET NIE DIE VRYHEID VAN 'N CHILI

**Na aanleiding van 'n vraag het mnr. B. J. Schoeman, minister van arbeid, op Bethal voorverlede week gesê dat die Russiese konsulaat in Pretoria „'n positiewe gevaar" is. Dit is egter 'n internasionale aangeleentheid en die regering hou dit in gedagte.**

**Hierdie antwoord van die Minister strook met wat dr. Malan 'n jaar gelede aan die anti-kommunistiese aksiekomitee van die Afrikaanse Kerke gesê het, naamlik dat die regering die Russiese konsulaat in die Unie nie kan sluit sonder raadpleging van ander Statebondslande nie. Dr. Malan het in sy brief verklaar dat die Unie verpligtinge in hierdie verband teenoor ander Statebondslande het wat hy moet nakom.**

**Die kommentaar wat ons indertyd geopper het, is nog in groter mate van toepassing vandag waar die regering teen binnelande kommuniste optree terwyl hy blykbaar nog steeds deur Brittanje daarvan weerhou word om teen buitelandse kommuniste op te tree. Daarom wil ons dit gedeeltelik hier herhaal. DIE O.B. het toe geskryf:**

**„Ons moes in die jongste tyd dikwels hoor wat 'n groot verandering die Britse Statebond ondergaan het, so groot dat daar vandag geen beperkings meer op Suid-Afrika se vryheid in enige opsig is nie. Nou moet ons volk verneem dat die regering geen stappe ter beveiliging van sy eie vryheid kan doen sonder ‚raadpleging' van ander Statebondslande nie.** Ons wil — of liewer moet — aanneem dat dr. Malan die ‚ander Statebondslande' reeds geraadpleeg het, want hy het drie jaar gelede die volk belowe om teen die kommunistiese gevaar op te tree. As hy nog nie hierdie belangrike stap aangevoor het nie, het hy sy mandaat skromelik verwaarloos. **Ons neem dus aan dat dergelike ‚raadpleging' reeds geskied het en dat dit uitgeloop het op 'n klinkklare ‚nee.' Ons hoef ook nie wild te raai oor watter Statebondsland Suid-Afrika van hierdie stap weerhou nie.** Ons weet dat Brittanje hom met oordrewe ywer aan die einde van 1949 gehaas het om die kommunistiese bewind van Sjina te erken saam met sy Indiër-‚susterstate.'

### DRUK UITGEOEFEN

**„Aan watter ‚raadpleging' Suid-Afrika in dié tyd van Britse kant onderworpe moes gewees het, kan afgelei word van die feit dat ons Nasionale en anti-kommunistiese regering 'n halfjaar lank geworstel het met die vraag of hy Sjina se kommuniste moes erken of nie. Dit was eers ses maande nadat Brittanje sy erkenning verleen het dat die eerste minister eindelik, na herhaalde vrae, aangekondig het dat die regering na oorweging besluit het om die Sjinese kommuniste nie te erken nie. Ons weet ook dat Brittanje op hierdie gevaarlike tydstip nog steeds by die V.V.O. aandring nie net op die erkenning van Rooi Sjina nie, maar op die uitlewering van die nasionale Sjinese op Formosa aan die rooi bewind.**

„Dit is dus heeltemal te verstaan dat Londen nie sy toestemming sal verleen aan Suid-Afrika om teen Rusland se veldkwartier binne die Unie in die koue oorlog op te tree nie. Hy tree nie eens op teen bekende kommuniste binne sy eie departemente nie, soos die oorloping van twee hoë sleutelamptenare na Moskou drie weke gelede vir die soveelste maal nog weer bewys . . .

### BOEI AAN ARM

**„As hierdie Statebondsboei aan Suid-Afrika se regterarm nie ons volk se oë oopmaak vir die noodsaaklikheid van ons republikeinse vrywording nie, dan sal ons seker maar wag totdat Josef Stalin ons kom ‚bevry'."**

Net soos min. Schoeman het ook dr. Malan toe verwys na die internasionale aspek van die vraagstuk van sluiting van die konsulaat. Die verskoning is naamlik dat dit „gevaarlik" sou wees om die konsulaat die land uit te stuur omdat dit „gelyk staan aan 'n oorlogsverklaring." Ons het indertyd beklemtoon dat hierdie soorte internasionale gevoeligheid reeds lankal iets van die verlede is — anders kan ons tog immers nie van 'n „koue oorlog" praat wat op die oomblik gevoer word nie. **Die goeie ou tyd toe oorlog ondenkbaar was sonder verbreking van diplomatieke betrekkinge, ultimatum en oorlogsverklaring, is afgesluit, en die staatsman wat hom nou nog daarop beroep, staan in gevaar om ook „afgesluit" te word lank voordat hy sy string diplomatieke tierlantyntjies agtermekaar het.**

### ANDER HET DIT GEDOEN

Ons kan in dié opsig ook maar net weer herhaal wat ons indertyd na aanleiding van dr. Malan se verklaring geskryf het:

**„As 'n (geblokkeerde) Berlyn of 'n Korea nie die Russe tot oorlog kon beweeg nie, sal die sluiting van 'n konsulaat in Pretoria dit nog veel minder regkry. Rusland sal oorlog maak wanneer dit hom in Europa of Asië pas, nie net om Suid-Afrika te straf vir 'n ‚ondiplomatieke' gebaar nie. Maar as logika hier 'n woord ontsê word, kan voorbeelde darem seker die waarheid van ons stelling bewys. Brazilië en Chili het in Oktober 1947 die Russiese diplomatieke verteenwoordigers die land uitgesit. Oorlog het nie daarop gevolg nie, maar wel groter rus en vrede binne hul grense. Die volgende jaar in Mei het ook Columbia hul voorbeeld gevolg en nog het die pilare van die**

## MAG ROOI KONSULAAT NIE SLUIT

**wêreld — en veral van Columbia — stewig bly staan.**

„Maar as Suid-Afrika dieselfde sou doen, sal die wêreld in vlamme opgaan!

### BRITTANJE BELET ONS

„Die regering sal aan waardigheid wen as hy liewer nalaat om hierdie ouwyfstories wat Brittanje hom in die kop prent, na te praat. **Sê dan maar liewer net eerlik dat Brittanje ons belet om te doen wat in ons eie belang is."**

Sedert ons bostaande geskryf het, het daar 'n nuwe regering in Brittanje aan bewind gekom. **Hierdie regering se minister van buitelandse sake, Anthony Eden, het 'n paar weke gelede die beleid van Brittanje om die kommunistiese bewind van Sjina te erken, herbevestig. Daar kan dus nie verwag word dat die Churchill-regering enige ander „advies" aan Suid-Afrika**

(Vervolg op bladsy 3 kolom 3)

## Engelse Koerant

Die Nasionale Party gaan weer 'n Engelse koerant in Johannesburg uitgee — die South African Pictorial News. Dit sal 'n weekblad wees en die eerste uitgawe sal glo in Oktober verskyn.

Die Nasionale Party se laaste poging was die New Era onder redaksie van die huidige Goewerneur-generaal, dr. E. G. Jansen. Die blad wat ook in Johannesburg uitgegee is het doodgeloop.

# STATEBONDSLID KAN NIE NASIONAAL WEES NIE

**Die betekenis van immigrasie as 'n Empire-band en die noodsaaklikheid van Empire-eenheid is verlede week deur lord Salisbury, Britse minister van Statebondsbetrekkinge, in Kanada beklemtoon. „Die uitwerking van migrasie is van lewensbelang vir die verfrissing en hernuwing van die skakels tussen alle dele van die Empire," het hy gesê — blykbaar met 'n oog op die lae persentasie Britte wat Kanada in die jongste jare as immigrante opgeneem het. Dit is naamlik bekend dat daar in die afgelope paar jaar veel meer immigrante van die vasteland van Europa na Kanada verhuis het as Britte. Inderdaad het die verhouding van Britse immigrante na Kanada reeds tot so min as 18 persent gedaal. Ongelukkig kan nie dieselfde van Suid-Afrika gesê word nie, waar daar nog steeds meer Britte die land binnekom as Europeërs.**

Lord Salisbury het gesê dat hy hoop die Kanadese en Britse regerings alles in hul vermoë sal doen om migrasie te bevorder. „Ons moenie aan onsself dink as burgers van die Verenigde Koninkryk, van Kanada, van Australië, van Nu-Seeland, of van waar ook al nie, maar as burgers van die Statebond," het hy gesê.

„Ons moet ons lot met mekaar deel in tye van voorspoed en mekaar help wanneer die tye moeilik is."

### POLITIEKE EENHEID

Voortgaande het lord Salisbury die belangrikheid van politieke eensgesindheid van die Empire beklemtoon. **„Die politieke opvatting van die Statebond is nie nasionaal of selfs kontinentaal nie. Dit is wêreldwyd, en die volke van die Statebond is almal deel van 'n groot kombinasie wat wydsbeen oor die aarde staan. Hulle kan nie isolasioniste wees nie selfs al wil hulle. Raadpleging, samewerking en wedersydse begrip tussen lede van die Statebond is lewensnoodsaaklik indien hulle die gang van sake wil rig soos hulle dit behoort te doen.**

„Regerings kan baie doen om 'n gemeenskaplike beleid te bepaal, maar regeringsoptrede op sigself is maar net 'n geraamte. Indien daar vleis en bloed moet bykom, moet dit gedoen word deur diepe en toenemende meegevoel en begrip, nie net tussen die regeringswerktuie nie, maar tussen individuele burgers tussen alle dele van die Empire." Aldus die Britse minister van Statebondsbetrekkinge.

### DIE BEWYS

Dit is goed vir republikeine om te let op hierdie openhartige doelstellings van 'n Britse minister wat met die taak belas is om die Empire-eenheid te bevorder. **Tot watter mate die dominiums nie „isolasionisties" of „nasionaal" of selfs „kontinentaal" kan wees nie, blyk uit die praktyk waar 'n nasionale regering in Suid-Afrika hom na Londen moet haas om ekonomiese hulp te gaan aanbied, en waar 'n anti-kommunistiese regering in Suid-Afrika nie 'n kommunistiese konsulaat mag sluit nie omdat dit Brittanje se beleid is om kommunistiese regerings te erken.**

**En, dit is goed dat ons volk weet dat Britse immigrasie deur Brittanje van lewensbelang beskou word vir die „verfrissing en hernuwing" van die Empire-bande wat tot die vereiste eensgesinde politieke beleid moet lei.**

DIE O.B., WOENSDAG, 28 MEI 1952

# NUWE STRYDMETODES

Toe genl. Smuts op 10 Junie 1948 as kanselier van die Universiteit Cambridge verwys het na die tegniek van die kommunisme om die wêreld te verower sonder 'n skietoorlog, het hy nie as 'n partypolitikus „oor die vloer van die Huis" geargumenteer nie, maar as 'n staatsman hom uitgespreek oor die mees aktuele gevaar wat die Westerse beskawing sedert die dae van Dzjengis Khan uit die Ooste bedreig het. By dié geleentheid het genl. Smuts gesê:

> „Die nuwe ideologie het sy eie tegniek van agressie gesmee, heeltemal verskillend van ortodokse metodes van oorlog. Deur sy nuwe uitkyk en sy gepaste nuwe tegniek kan wêreldmag en wêreldoorheersing sonder oorlog bereik word. **Dit is die werklike gevaar . . . Niks in ons eeu is meer betekenisvol nie as hierdie nuwe tegniek van agressie en van vreedsame verowering wat die plek van ortodokse oorlogvoering geneem het en dit feitlik onnodig en verouderd gemaak het, behalwe as 'n uiterste toevlug."**

Nou is dit darem seker 'n elementêre feit dat as jou vyand 'n nuwe tegniek van verowering teen jou in werking stel wat die „ortodokse" manier van veg verouderd maak, jy ook van 'n nuwe afweermetode gebruik sal moet maak of jy gaan onder. **Die poging van die regering in die afgelope weke om die kommunistiese gevaar in Suid-Afrika in bande te lê by wyse van ingrypende beperkings op mense wat van kommunistiese neigings beskuldig word, moet in hierdie lig gesien word.** Geen regering wat sy sout werd is, durf stil sit en toekyk hoe die fundamente van ons staat en samelewing stelselmatig ondergrawe word deur 'n tegniek wat daarop bereken is om presies dieselfde uitwerking te hê as 'n veroweringsoorlog nie; en dat die huidige bewind tot hierdie optrede oorgegaan het in die aangesig van 'n breedgeskouerde opposisie, strek hom tot eer. Diegene wat so heftig tekere gaan teen die maatreëls van min. Swart sal eers moet sê watter doeltreffende nuwe metodes **hulle** aan die hand kan doen teen 'n nuwe tegniek van oorlogvoering voordat hulle die regering van „ondemokratiese" en „diktatoriale" optrede beskuldig.

## GROTER BEROERING

En tog wil dit voorkom of die geneesmiddel 'n strawwer uitwerking gaan hê as die kwaal. Onder aanblasing van die opposisieparty en sy pers word die georganiseerde arbeid nou in die stryd gestoot teen die regering, en die indruk van onbestendigheid wat Suid-Afrika reeds in die oog van die buitewêreld maak weens sy partypolitieke en rassestryd sal deur hierdie lawaai nog verder versterk word. Die tegniek van die kommunisme om die regering voor te stel as „onderdrukkers van die nie-blankes" — waarin hulle so skitterend bygestaan word deur die partypolitieke opposisie — kry nou nog 'n nuwe handvatsel met die beskuldiging dat die regering onderdrukkers van die arbeiders en hul vakbonde is.

In dié omstandighede word dit duidelik dat ons land afstuur op 'n toestand van binnelandse spanning wat te magtig kan word vir ons weerstandsvermoë, en wat òf in chaos òf in die oorwinning van vyandelike magte gaan eindig. In die oog van die buiteland sal ons nog verdere aansien en simpatie verloor, wat die handhawing van die witman se posisie in Afrika baie nadelig moet tref.

## BETAALDE OPPOSISIE

**Ons is nie bereid om die regering hiervoor te verwyt nie, soos die Verenigde Party doen, en solank die regering aan mnr. J. G. N. Strauss £2,800 per jaar betaal om hom te opponeer in alles wat hy doen, is ons ook nie bereid om mnr. Strauss en sy „amptelike opposisie-party" vir die toestand te verwyt nie, soos die Nasionale Party doen. Ons weet dat die Britse partystelsel vereis dat daar twee partye moet wees om mekaar te beveg en dat die opposisie die regeringsepter kan verwerf indien hy vernuftig en volhardend genoeg is om die regering in alles te verydel, en daarom dinge eis wat hy self nie bereid is om te doen nie of dinge veroordeel wat hy self bereid is om te doen as hy aan bewind sou wees.** Net soos dr. Malan se party in 1942 by wyse van formele voorstel van genl. Smuts in die parlement geëis het om 'n republiek uit te roep — wat dr. Malan self nie bereid was om in 1948 te doen nie — net so is die Verenigde Party ook nou luidrugtig teen regeringsbeleid wat hy in die grond van sy hart aanvaar.

En daar steek geen nut in om aan hierdie spel deel te neem nie. **Ons kan maar net waarsku dat die maatreëls wat nodig is om Suid-Afrika te red, van so diepgaande aard moet wees dat dit onmoontlik met welslae deurgevoer kan word in 'n staat waar die een helfte van die volk in verset daarteen georganiseer en mislei MOET word. Daar is genoeg natuurlike opposisie in ons land dat dit heeltemal oorbodig is om nog betaalde en amptelike opposisies aan te hou wat ons optrede teen kommunisme en ander vraagstukke moet weerstaan met elke middel wat 'n verkiesingsoorwinning kan bevorder.**

Daarom meen ons dat die Nasionale Party by die verkeerde punt begin het. **Die eerste taak wat die regering in 1948 moes gedoen het was om die regeringstelsel te verander sodat ons volksregering in plaas van party-regering kon kry.** Dat daar groot lawaai op so 'n stap sou gevolg het, betwis ons

(Vervolg in volgende kolom.)

(Vervolg van vorige kol.)

nie, maar veel groter as wat dit was en nou op die oomblik is, sou dit nie gewees het nie. **Die heilsame gevolge daarvan sou egter baie gou alle eerlike teenstand laat bedaar het, sodat die regering vandag enige groot vraagstuk die hoof kan gebied het met slegs die teenstand van egte oortuiging om mee rekening te hou. En dat die Suid-Afrikaanse bevolking vir tagtig na negentig persent eerlik teen die kommunisme is, sal meeste waarnemers toegee.**

# Van die Os op die Esel

## Deur Sybrand

### *Die Vraag wat Gevra Word*

Ek wil vandag 'n saak aanroer wat waarskynlik op die huidige oomblik die onderwerp is wat die drukste in Afrikanerkringe bespreek word. Baie Afrikaners beskou dit as die aktueelste politieke vraagstuk waarvoor die Afrikanervolk vandag staan. Die onderwerp kan in die vorm van 'n vraag gestel word, nl.: Waarheen lei die Nasionale Party se leiers die Afrikanervolk? Lei die Nasionale Party se leiers die Afrikanervolk na oorwinning en selfverwesenliking of na nederlaag en frustrasie? Dit is die vrae wat denkende Afrikaners dwarsdeur die land aan hulleself en aan hulle vriende stel. En dit is die antwoorde wat op hierdie vrae verstrek word wat verantwoordelik is vir die onrustigheid en vertwyfeling wat deesdae die gemoedsrus van so baie Afrikaners versteur.

Wanneer daar 'n balansstaat opgetrek word van die Afrikanervolk se bate en laste sedert die Nasionale Party se leiers die regering van die land oorgeneem het dan blyk dit dat die werklike bates maar skraal is in vergelyking met die laste.

### *Baie „Oulik" en „Slim"*

Die regering het ongetwyfeld daarin geslaag om die oortuiging by vriend en vyand te laat posvat dat hy „slim" en „oulik" is. Niemand twyfel vandag meer nie dat daar leiers van die Nasionale Party in die kabinet is wat uiters bedrewe is in die kuns van die partypolitiek en wat 'n handige slag het om hulle teenstanders uit te oorlê. Die leiers van die Nasionale Party is waarskynlik die uitgeslaapste politici in ons land.

En omdat hulle die regeerders van die dag en die verteenwoordigers van die Afrikanervolk is moet hulle „oulikheid" en „uitgeslaaptheid" seker gereken word onder die bates van die Afrikanervolk.

Maar is hierdie bate 'n ongemengde seën?

Die skadukant van hierdie bate is die aantelende wantroue wat dit veroorsaak. En elke Afrikaner voel die gevolge van die wantroue wat „sy" regering veroorsaak het. En dit hinder baie Afrikaners dat hul Engelssprekende mede-burgers, al die nie-blankes in Afrika en die wêreld sowel as amper die hele blanke buitewêreld nie meer hulle goeie trou aanvaar nie en al hul bedoelings met agterdog en vyandskap bejeën. En hierteen weeg die twyfelagtige genot oor die „oulikheid" van die regering om dit of dat op 'n hofproef-wyse te doen — tot verbystering van sy teenstanders — darem nie op nie.

### *Naweë van Vrees en Onrus*

Dan is daar die kwessie van die regering se „kragdadigheid" — of vertraagde kragdadigheid. Die leiers van die Nasionale Party beroem hulle graag op hierdie eienskap van hulle bewind om te illustreer dat hulle 'n „sterk" regering daargestel het — wat uiteraard 'n bate vir die volk is. Maar ongelukkig het die praktyk aangetoon dat „kragdadigheid" op die wortel van „oulikheid" die naweë van vrees en onrus laat ontspruit by almal wat nie vertrouelinge van die leiers van die Nasionale Party is nie.

En nou reeds sê baie Afrikaners dat die man wat 'n slim politikus is nie noodwendig 'n goeie regeerder is nie. 'n Slim politikus wat sy teenstanders verbyster en op hulle tande laat kners van verleentheid is meestal nie 'n goeie regeerder wat vertroue en welwillendheid kan verwek nie.

### *Woestyn van Wantroue*

Dit is hierdie dinge wat baie Afrikaners laat vra: Waarheen lei die leiers van die Nasionale Party die Afrikanervolk? Klaarblyklik is die antwoord dat hulle die Afrikanervolk wegvoer na 'n woestyn waar die volk omring sal wees van die vyandskap en die wantroue van almal wat nie Afrikaners is nie. Die nadele wat aan so 'n toestand van moedswillige isolasie verbonde is, is voor die hand liggend. Indien die nadele egter opweeg teen die voordele is daar iets vir die regering se leiding te sê. Maar weeg dit op?

Die vraag wat baie Afrikaners besig hou is: Het die Afrikanervolk enige hoop om die mag wat hy in 1948 verower het te behou en te bestendig as die leiers van die Nasionale Party aan wie daardie mag toevertrou is voortgaan om dit aan te wend soos in die afgelope paar jaar? Gaan die optrede van die leiers van die Nasionale Party nie juis verantwoordelik wees vir die spoedige verlies van die mag waaroor die Afrikaners vandag beskik nie? Die Afrikanervolk, in isolasie, maar met mag beklee is 'n faktor waarmee die hele wêreld, gewillig of onwillig, rekening moet hou; maar die Afrikanervolk, in isolasie, sonder mag, is 'n onbenullige faktor waarmee niemand hoef rekening te hou nie.

### *Die Pad na Nêrens*

As een van die voordele, wat moet opweeg teen die baie nadele van die regering se optrede, die verwesenliking van langgekoesterde Afrikanerideale is, dan sal Afrikaners waarskynlik blymoedig die wantroue en vyandskap van 'n ieder en 'n elk verduur. Maar selfs dit is nie die geval nie. Nòg op ekonomiese gebied, nòg op politieke gebied, nòg op kleurgebied is die Afrikaner besig om sy baasskap en sy toekoms te verseker. Enersyds stroom die uitlander se kapitaal ons land binne en andersyds stroom duisende naturelle na die witman se dorpe en stede om die uitlander se kapitaal te ontgin. En om alles te kroon trap die leiers van die Nasionale Party die Empire se drumpel in Londen af, wanneer hulle die een Empire-konferensie na die ander daar bywoon en Suid-Afrika al vaster en vaster woel in die Britse Gemenebes.

Tot hul grootste ontsteltenis begin baie Afrikaners agterkom dat die leiers van die Nasionale Party die Afrikanervolk na nêrens lei nie. Die vraag is: Moet daar nie Afrikanerleiers opstaan wat die volk darem êrens-heen, hopelik na sy bestemming sal lei nie? Ons volk staan weer op die kruispad, net soos hy ook eenmaal in 1912 gestaan het. Toe het 'n Hertzog na vore getree en op die pad van Suid-Afrika geloop; die volk het in sy duisende agter hom aan gestreep. Vandag wag die volk op 'n Hertzog om vorentoe te tree. En 'n volk wag nooit tevergeefs nie.

### *Koalisie met die Teenstander*

Tot dusver het ek die saak bespreek vanuit die standpunt van die Afrikanervolk. Maar laat ons nou die saak betrag uit die standpunt van die Nasionale Party as politieke party. Die Party kan tog nie 'n toekomstige nederlaag en magtelose isolasie met gelatenheid tegemoet gaan nie. En hy doen dit ook nie. Dit is reeds oorvloedig duidelik waarheen die leiers van die Nasionale Party besig is om hul party te lei. Dit is na koalisie met die teenstanders. Die leier van die Nasionale Party het onlangs in die parlement gesê dat sy party sal kan saamwerk met die „regtervleuel" van die Verenigde Party, wat volgens dr. Malan, gelei word deur dr. Colin Steyn, uniale voorsitter van die Verenigde Party. En 'n groot Afrikaanse koerant in ons land het reeds voorspel dat Colin Steyn en sy volgelinge in die parlement 'n Steyn-groep gaan afstig uit die Verenigde Party, wat dan as 'n selfstandige groep 'n koalisie met die Nasionale Party sal aangaan. Die nuwe koalisie sal dan gesamentlik die volgende verkiesing voer. Mense wat voorgee dat hulle goed ingelig is verklaar reeds dat die nuwe koalisie gelei sal word deur mnr. N. C. Havenga wat beskou word beter as dr. Malan in staat te wees om „Sappe" te vang.

### *Beproefde Middel*

Koalisie is die beproefde middel wat die politici van alle politieke partye maar steeds aanwend om die wetmatige gevolge van hul dade vir 'n tydlank uit te stel. En dit is die eerste middel waarna gewone mense gryp wanneer hulle bekommerd word oor die moontlike naweë van 'n politieke party se dade.

Ons het reeds genoem dat die partypolitici na koalisie met die Steyn-groep van die Verenigde Party streef. En ons kan ook noem dat daar reeds 'n politieke party in wording is — die Koalisie Party — waarin gewone mense streef om 'n koalisie tussen die Nasionale Party en die Verenigde Party tot stand te bring.

In die lig van voorgaande is dit verstaanbaar waarom denkende en ingeligte Afrikaners bekommerd is en waarom in so baie geselskappe gevra word: Leef daar 'n Hertzog onder ons? Indien wel, dan is dit nou tyd dat hy opstaan en na vore tree.

# Britse Diplomaat Sit Nou Alleen In Sjina

**Die Britse departement van buitelandse sake het verlede week bekend gemaak dat die Britse sake-ondernemings in Sjina hul regering versoek het om Sjina in kennis te stel dat hulle besluit het om alle sake daar te sluit.**

**Hierdie besluit van Britse sakemanne werp 'n eienaardige lig op Brittanje se pro-kommunistiese buitelandse beleid. In dieselfde asem dat hierdie aankondiging gedoen is, het die regering beklemtoon dat dit nie sy diplomatieke betrekkinge met kommunistiese Sjina raak nie.**

Aan die einde van 1949, toe die kommunistiese hordes oor Sjina gestroom en die nasionale regering van Tsjiang Kaisjek na Formosa verdryf het, was Brittanje die heel eerste — en feitlik enigste — land van die Weste wat hom gehaas het om die kommunistiese bewind van Mao Tsetoeng te erken. **Hierdie erkenning het geskied sonder wedersydse erkenning van Brittanje deur rooi Sjina. Tot op vandag het Sjina nog nie 'n gesant in Londen aangestel nie, en die Britse verteenwoordiger in Peking is ook nog nooit sedert sy aankoms daar, tweeen-'n-half jaar gelede, deur die Sjinese regering ontvang nie! Ten spyte van hierdie openlike vernedering het Brittanje nie alleen volgehou om sy betrekkinge met Sjina te handhaaf nie, maar hy het konsekwent hom beywer vir 'n setel vir Mao Tsetoeng in die Veiligheidsraad van die V.V.O. en die uitskopping van Tsjiang Kaisjek se verteenwoordiger uit die V.V.O. — wat nog steeds deur Amerika en die ander beskaafde lande as Sjina se wettige regering erken word.**

### HANDELSOORWEGING

Daar is indertyd deur Die O.B. daarop gewys dat Brittanje hierdie dwase en gevaarlike beleid gevolg het terwille van die £300 miljoen geldelike belange wat hy in Sjina het. Maar die kommuniste het die Britse regering nie net vir die gek gehou op diplomatieke gebied nie, maar so vernietigend teen die Britse handelsondernemings in Sjina opgetree dat hulle nou besluit het om hulle deure toe te sluit. **Onderwyl Brittanje rubber, olie en ander oorlogsmateriaal met sy skepe laat aanry het na Sjina waarmee Britse en Amerikaanse seuns in Korea doodgeskiet kon word, het die deur Brittanje erkende Sjinese regering so sy bes gedoen om die Britse handel te vernietig dat die sekretaris van die „China Association" (vereniging van Britse handelaars), G. E. Mitchell, nou aan sy eie regering moes gaan sê dat die geduld van Britse handelaars uitgeput is en dat hulle eenparig besluit het om hul bates te likwideer en die land te verlaat.**

'n Meer beskaamde posisie vir 'n regering is nouliks te bedink. Sy ongenooide diplomatieke verteenwoordiger sal nog in Peking sit en wag op ontvangs deur die kommunistiese regering wanneer die laaste Britse handelaar sy winkel toesluit.

### S.A. HET NIE VRYHEID

(Vervolg van bladsy 1 kolom 4)

**sal gee omtrent sluiting van die kommunistiese konsulaat nie.**

**Vir Suid-Afrika is daar net een pad oop en dit is om sy eie onafhanklike koers te gaan en die leiband van Brittanje te los.**

**Terwyl daar aan republikeine gesê word dat ons „vryer as die Republieke" is, mag Suid-Afrika darem nie sy eie buitelandse beleid bepaal nie weens „verpligtinge teenoor ander Statebondslande."** Ook die eerste minister van Indië, wat glo reeds 'n „republiek" binne die Empire is, het verlede week erken dat die Britse Statebond sy buitelandse beleid gesamentlik bepaal deur onderlinge raadpleging.

**Dit is daarom dat die Ossewabrandwag hom vir ware republikeinse vryheid beywer, en deurkapping van die Britse konneksie bepleit as die enigste stap na ware vryheid.**

# Ongunstige Reaksie In Eie Kring

**'n Aanduiding dat die „konstitusionele krisis" in nasionale geledere nie algemeen die uitwerking het as wat die regeringsparty blykbaar gehoop het nie, blyk nie net uit briewe wat deur die Nasionale koerante geweier is nie, maar ook uit briewe wat sulke nasionaalgesindes aan die opposisie-pers gerig het — besmoontlik nadat plaasruimte aan hul standpunt in die N.P.-pers ontsê was. So skryf „Republikein," Kimberley, onder meer as volg aan die Cape Times:**

„Nadat ek dr. Malan se Porterville-toespraak gelees het, wil ek dit baie duidelik stel waarom ek by die volgende verkiesing teen die Nasionale Party gaan stem. Ek behoort nie aan die Verenigde Party of enige ander party nie. Ek is nie 'n lid van die Torch Commando nie . . .

„Verder, indien dr. Malan na die volk gegaan en gevra het vir die twee-derdemeerderheid wat hy nodig het om die Kleurlinge op die afsonderlike kieserslys te plaas, sou ek sonder aarseling vir sy beleid gestem het. **Indien 'n referendum vandag oor 'n republiek gehou sou word, sou ek sonder die minste aarseling vir 'n republiek stem. (Ek is oortuig dat dit die beste oplossing vir ons konstitusionele krisis sou wees, aangesien so 'n verandering sou meegebring het dat 'n nuwe grondwet opgestel moes word.)"**

En dan noem die skrywer 'n aantal redes waarom hy nou teen die regering wil stem:

### REDES

„Die funksie van die parlement is om wette te maak, en die funksie van die geregshowe is om wette te verklaar en toe te pas. Indien Wet 46 van 1951 met die verskanste klousules bots soos dit in 1910 opgestel is en in 1931 bekragtig is, dan rus die blaam op die parlement en nie op die Appèlhof nie. Nou oorweeg dr. Malan om die Appèlhof te straf en hom van een van sy belangrikste funksies (naamlik om die wette van die konstitusie toe te pas) te beroof net omdat die parlement dwaselik 'n wet aangeneem het wat bots met bestaande wetgewing. Die nuwe parlementêre hof is niks anders as 'n gedrog nie.

„Voor die aanname van die Statuut van Westminster het ons Unie-regering uitdruklik verklaar dat die Britse wet nie op die verskanste klousules inbreuk moes maak nie. Op daardie tydstip het ons 'n regering gehad wat saamgestel was uit Nasionaliste en Arbeiders. Indien dr. Malan, mnr. Swart en ander Nasionale leiers hul opinie in die afgelope twintig jaar verander het, kan ek dit heeltemal verstaan. Hulle kon geredeneer het: ‚Destyds het ons net aan die verskanste taalregte gedink, of ‚Ons standpunt is deur die Arbeiders beïnvloed en ons wil dit nou herstel.' Dit alles sou verstaanbaar gewees het. Maar hoe hulle nou kan redeneer dat die Statuut van Westminster die verskanste klousules laat verval het, slaan my dronk."

# PARLEMENTÊRE HOF MAAK S.A. BELAGLIK

**Soos Ons Lesers Dit Sien**

**Mnr. Fred Hattingh, Ysterplaat, skryf:**

As adv. A. H. Broeksma Q.C. ooit 'n spyker netjies op sy kop geslaan het, dan het hy dit in sy brief oor die „Hoër Hof" van ons parlement gedoen. Die advokaat het volgens sy brief in die pers die sogenaamde Hoër Hof as 'n klug en bedrog bestempel, en die veronagsaming van die beginsels wat vir al ons beroemde leiers 'n saak van eer was, in onomwonde taal veroordeel en hy het 'n beroep gedoen op regskape mense buitekant die partypolitiek om hulle te verset teen die wetgewing.

Die advokaat het dit taamlik kras gestel, maar as hy met verset, bedoel, konstitusionele verset, hoef hy nouliks 'n beroep te doen, want enigiemand wat gesond kan dink en die reg het om volgens eie oortuiging te handel, kan manne en vroue buitekant party-verband niks anders doen as om so 'n kwaaivrug van gesag-mal partypolitici te verwerp nie. Die argument wat in die praathuis met oor en weer skeldtaal gebesig word, dat as volksraadslede 'n wet kan maak, hulle ook geskik is om dit te beoordeel, klink vir my na die taal van verstandelik siekmense. Niemand sal beweer dat volksraadslede verstandelik onbevoeg is om as regters op te tree nie, hoewel talle van hulle nie oor regsbevoegdheid beskik nie en daar ook onder hulle is wat kwalik as besonder intelligent beskou kan word; maar die dierbare mense is party-politici, en as sodanig is hulle absoluut onbevoeg om onpartydig te oordeel. 'n Party-politikus is niks anders as 'n masjien waarvan die aandrywende ratwerk deur die party-koukus beheer word en as individu het hy alle betekenis verloor. Nee, daar stem ek ook heelhartig saam met adv. Broeksma, so 'n „Hoër Hof" wat niks anders as 'n kwaaivrug van gesag-mal party-politici is nie, kan regtig nie iets anders as 'n klug en gedrog wees nie. Ek voel regtig jammer vir ons volksraad, want dat hierdie wetgewing ons belaglik in die oë van die wêreld maak, staan soos 'n paal bo water. Buitendien, het die volk nie 'n mandaat gegee om ons konstitusie te verkrag nie, daarvoor het die deursnee Suid-Afrikaner te veel respek vir wet en orde. Ons wil dus maar vertrou dat ons regering sal insien dat dit nie 'n skande is om 'n verkeerde stap reg te maak nie en die hele konstitusionele verskil aan die volk voor te lê voor dat hierdie Hoër Hof-wet in werking tree.


**Beter Tabak * maak Beter Sigarette**



**Kommando**

**Suid-Afrika se** *gewildste* **sigaret**




* *Die Vervaardigers van Kommando is die grootste verbruikers van Suid-Afrika se eerstegraadse tabak.*

G1-3078A


**ONS HELP HULLE WAT ONS HELP. DIE ADVERTEERDERS HELP ONS.**

## GEKLASSIFISEERDE ADVERTENSIES

**TARIEF:**

**Huishoudelike Kennisgewings:**

(Verlowing, huwelik, geboorte, sterfgeval, in memoriam, gelukwensing, ens.) 1d. per woord; minimum 2/6 per plasing. Vooruitbetaalbaar.

Vir herhalings 25 persent afslag.

**Handelsadvertensies:**

Eerste plasing 2d. per woord. Vir herhalings 25 persent afslag.

**Intekengeld op „Die O.B." (verskyn weekliks): 12/6 per jaar of 6/3 per 6 maande. Vooruitbetaalbaar. Stuur advertensiegeld, bestellings en intekengeld na VOORSLAG (EDMS.) BEPERK, Posbus 1411, KAAPSTAD.**

### GEBOORTE

**LAAS.**—Aan Hannes en Miem (Geb. Smit), Wellington, 'n fris seun op die 19de. Dank aan die Goeie Gewer. 28/5/1

### MEUBELS

**MEUBELS.**—Beter Meubels teen billiker pryse, Babawaentjies, stootkarretjies, driewiele, linoleums, tapyte, ens., ook altyd in voorraad. Geen katalogus. Meld waarin u belangstel. — **VISSER-MEUBELS, Langstraat 179, Kaapstad.** 3/12/11

### RADIO

**LOUW EN LOUW**, die Beroemde Radio-ingenieurs, **Stasieweg, Parow,** verkoop en herstel Radio's en Elektriese Toestelle. Geregistreerde Elektrisiteitsaannemers. Foon 9-8435.

### HORLOSIES EN BRILLE

**H. J. STEYN, De Villiersstraat 17, Vasco, K.P.**—Vir horlosies en brille. Verkoop en repareer. Persoonlike aandag. 19/9/TK

### GRYSHARE

**GRYSHARE** herstel, skilfers verwyder, haregroei bevorder, jong voorkoms verseker, dit waarborg **GRYSHAARWONDER**, die jongste kunsmatige wêreldwonder haar- en kopvelvoedingsmiddel u. Skadeloos, kleurstofvry, 5/- per bottel, geld met bestelling. **BOERE-GENEESMIDDELS, Posbus 4272, Johannesburg.** C1/9/49

**Gryshare en baard binne een maand tot natuurlike kleur herstel of geld terug, vry van kleurstof. Bevorder haregroei, verwyder skilfers. 5/6 per bottel, posvry. Kontant met bestelling. Die Boerevrou, Posbus 7559, Johannesburg.** G14/6/50

### MEDISYNE

Verwyder die wortel van u kwaal of siekte en herstel u regmatige erfenis GESONDHEID. Ons beskik oor die middels en behandel alle siektes. Skryf, inligting gratis. — **BOEREGENEESMIDDELS, Posbus 4272, Johannesburg.** A1/9/49

**SIEKTES en Kwale verban!** Operasies vermy en gesondheid herstel. Waarom dan sal u langer ly? Skryf, meld besonderhede, raadpleeg **Die Boerevrou, Posbus 7559, Johannesburg.** (Nr. 2)1/9/49

# Beskerm Rooies Nog Steeds

**Dr. Colin Steyn het tydens die bespreking van mnr. Sam Kahn se posisie as kommunis in die parlement sy bes probeer om te verhoed dat mnr. Kahn uit die volksraad gesit word. Dit was hy wat voorgestel het dat die volksraad mnre. Kahn en Carneson nie as kommuniste kragtens die wet moet aanwys en hulle moet uitsit nie. Hy is in sy standpunt gesteun deur sy politieke broer, mnr. Arthur Barlow, wat, volgens die Cape Times, „in die laaste stadiums van die debat met 'n swart hoed wat met veragting oor sy oë getrek was, op sy kop gesit het."**

Die standpunt van hierdie mense was dat „ek verskil van jou (die kommunis) maar ek sal tot die dood toe veg vir jou reg om jou sê te sê."

Daar was 'n tyd tot dr. Colin Steyn nie nodig gehad het om „tot die dood toe" te veg vir mense se regte om hul sê te sê nie: Hy kon hulle maar net toegelaat het om hulle sê te sê. Dit was in die dae toe hy minister van justisie was en toe honderde Afrikaners sonder verhoor, nie uit die volksraad nie, maar uit hul werk geskop is tot agter die doringdraad vir dinge wat hulle gesê het — nie vir wat hulle gedoen het nie!

### KONSEKWENT

Dr. Steyn handel egter heeltemal konsekwent nog. In daardie dae toe hy honderde Afrikaners laat opsluit het terwille van hul O.B.-skap het hy konsekwent geweier om kommuniste te vervolg. **Selfs toe die polisie die sekretaris van die Kommunistiese Party aangekeer het, het dr. Steyn opdrag gegee om hom te laat loop.** Dit was in Januarie 1943 dat die polisie die Naturelle-sekretaris van die Kommunistiese Party, Moses Kotane, op grond van oortreding van die noodregulasies in hegtenis geneem het. Dr. Steyn het opdrag aan die polisie gegee om Kotane te laat loop.

In die volksraad het dr. Steyn later verduidelik dat hy dit op aandrang van lede van die Kommunistiese Party „en andere" gedoen het. Van hierdie aandrang het daar op 21 Januarie in The Guardian meer besonderhede verskyn. **Volgens dié blad het 'n afvaardiging van die Kommunistiese Party min. Steyn gaan spreek oor die polisie-optrede teenoor die party en laasgenoemde het beloof „om persoonlik ondersoek in te stel" na die klag.** Kort daarna is bekend gemaak dat hy ere-president van die Vriende van die Sowjet is.

### SMUTS SE ERKENNING

**Maar dieselfde week waarin dr. Steyn hierdie afvaardiging te woord gestaan het, het ook genl. Smuts 'n afvaardiging ontvang van die Christenraad wat op meer regte vir die naturelle aangedring het. Aan hulle het genl. Smuts op 13 Januarie gesê: „Daar is 'n golf van onrus deur die land. Een ding is dat die kommunistiese invloed in ons land op taamlik groot skaal aan die werk is. Ek sê dit met volle kennis van die feite."**

As dr. Steyn nege jaar gelede selfs teen die waaksaamheid van sy eie leier optrede teen kommuniste nie gedoog het nie, is dit natuurlik veel van hom geverg om nou stappe teen hulle goed te keur wat gedoen word deur sy teenstanders. Hy was immers deur die Vriende van die Sowjet as ere-president van die organisasie benoem.

Die antwoord destyds van genl. Smuts is terselfdertyd ook 'n antwoord aan dr. Steyn se handlanger, mnr. Barlow, wat beweer dat die Kommunistiese Party in Suid-Afrika „'n grap" is.

# V.S.A.-Regering Moet Optree Teen S.A.

Die Amerikaanse pers probeer sy regering aanpor om stappe teen Suid-Afrika te doen oor sy kleurbeleid. In 'n hoofartikel verlede week skryf die New York Times dat dit aanvaar kan word dat die minister van buitelandse sake, Dean Acheson, vies en bekommer is oor wat in Suid-Afrika „onder die rassehater-bewind van dr. Malan" aan die gang is, maar die vraag is of hy iets daaraan mag en kan doen.

Die blad betoog dat die Amerikaanse regering Suid-Afrika in die verlede nog altyd in sy buitelandse beleid verwaarloos het as 'n soort „swart vasteland," **maar dit is 'n feit dat hierdie vergete vasteland van net soveel beslissende belang vir Amerika of die Weste is as enige ander.** Weens die groot aantal vraagstukke waarmee die Amerikaanse minister van buitelandse sake te doen het, kan hy nie die aandag aan Suid-Afrika gee wat hy behoort te doen nie. „Miskien het ons twee of drie ministers van buitelandse sake nodig, of die ekwivalent daarvan," aldus die blad.

# PARTYPOLITIKUS SE VREES DAT GEVOEL KAN BEDAAR

**„Ons sal die volgende verkiesing wen, mits ons bereid is om te organiseer en op te offer, en MITS ONS DIE GEVOEL VYFTIEN OF AGTTIEN MAANDE AAN DIE GANG KAN HOU," het die leier van die Verenigde Party in Natal, mnr. Douglas Mitchell, op 'n partyvergadering te Howick verklaar.**

Mnr. Mitchell het gesê dat gevoelens in Natal hoër loop as in ander provinsies, **„maar dit moet aan die gang gehou word. As julle nie vasbeslote bly nie, gaan ons die verkiesing verloor."**

Niks wat ons teen die partypolitieke opsweping van rassegevoel geskryf het kan die kunsmatigheid van hierdie opsweping terwille van verkiesingsoorwinnings dikker onderstreep as hierdie uitlating van 'n partyvoorman nie.

In die eerste plaas hou sy uitlating die erkenning in dat daar 'n gevoel moet wees om 'n verkiesing te kan hou. In die tweede plaas erken hy prontuit dat daardie gevoel **aan die gang gehou moet word selfs vir solank as 18 maande!**

Die feit dat hierdie partyleier sy volgelinge moet maan om die gevoel gaande te hou, hou die verdere erkenning in **dat daardie gevoel in gevaar staan om te bedaar indien dit nie met behulp van organisasie en propaganda agtien maande lank aangestook word nie.**

**Met ander woorde: neem die noodsaaklikheid weg dat politieke partye teen mekaar verkiesing MOET hou omdat die Britse regeringstelsel vereis dat Haar Majesteit 'n opposisie sowel as 'n regering moet hê, en daar sal rus en vrede intree — die „gevoel" sal binne 18 maande bedaar.**

# MODERNE BARBARISME

**Tot watter laagtepunt die sedelike besef reeds in die Verenigde State gedaal het, kan afgelei word van die sogenaamde „onderklere-klopjagte" wat in die jongste tyd aan universiteite deur manstudente uitgevoer word op dameshostelle.** Verlede week moes die polisie twee uur lank veg om 1,000 studentemans van Columbia-universiteit in New York te verhinder om 'n dameshostel binne te gaan op jag na damesonderklere. Sommige het daarin geslaag om deur te breek en onderklere in hande te kry. In ander gevalle het van die meisies hul onderklere na die mans toe afgegooi. By 'n ander universiteit moes die polisie 3,000 studente met brandslange van 'n dameshostel terug hou. Aan 'n hele reeks universiteite het sulke perverse strooptogte plaasgevind.

Die sedelike begrip het in daardie land reeds so agteruit gegaan dat een persoon in sy testament bepaal het dat 'n lewensgroot bronsbeeld van 'n naakte vrou op sy graf geplaas moet word. Hy het onlangs in 'n vliegtuigongeluk omgekom, en 'n paar weke terug kon berig

(Vervolg in volgende kolom)

(Vervolg van vorige kolom)

word dat sy wens vervul is.

Dit is 'n beskamende ironie dat op 'n tydstip dat die Oosterse heidendom sy kragte teen die Christelike Weste mobiliseer, die leiding van laasgenoemde in die hande moet wees van 'n jazz-versufte volk wat deur sy aanbidding van die liberalisme die vastigheid van gees reeds so ondermyn het dat sy intellektuele jeug op die voorpunt staan in die aanslag op die behoudende begrippe van fatsoen en waardigheid.

„DIE O.B." word gedruk deur Pro Ecclesia-Drukkery, Stellenbosch, vir die eienaars en uitgewers: Voorslag (Edms.) Beperk, Groote Kerkgebou 703, **Posbus 1411**, Kerkplein, Kaapstad.

# VIR TOEGEWING 'N SKOP?

**Die opposieskap van die partystelsel is vir die gewone verstand iets eienaardigs. Toe dr. Malan in die afgelope jare dit as beleid voorgehou het dat hy die Naturelleverteenwoordigers in die volksraad wil afskaf, het die opposisie en sy pers teenoor hierdie „woordverbreking" te kere gegaan en beduie dat hulle hul met alle mag daarteen sal verset. Verlede week het dr. Malan aangekondig dat hy van hierdie voorneme afgesien het. Nou neem hierdie selfde pers hom kwalik oor sy inkonsekwentheid en gebrek aan beginsel!**

Nadat die Cape Times in 'n sarkastiese artikel oor die wispelturige „volkswil" wat dr. Malan na goeddunke wysig, uitgewei het, gaan die blad voort:

„Drie of vier jaar gelede het dr. Malan nog 'n beginsel neergelê: 'Naturelle in blanke gebiede kan geen aanspraak op politieke regte maak nie. Gevolglik moet die huidige verteenwoordiging van naturelle in die volksraad afgeskaf word.' Maar mnr. Havenga sê 'nee,' en die volkswil, net soos die kroon, blyk deelbaar te wees. Dr. Malan kondig aan dat die, volkswil' sy standpunt verander het vir die geleentheid . . . Ons sien min toekoms vir Suid-Afrika onder hierdie wispelturige en ongedissiplineerde volkswil."

Hoe kan in so 'n vitterige atmosfeer verwag word dat 'n regering onbevange sal optree in wat hy beskou die landsbelange is? As jy jou van iemand laat oorreed om dan deur hom geskop te word daarvoor, sal daar geen kans vir oorreding wees nie. En tog is die verskoning vir die partystelsel dat daar kritiek moet wees om die regering reg te hou!

# Statebond vir Indië 'n Hulp

**Die Britse Statebond is vir Indië 'n hulpmiddel in sy stryd teen die behandeling van Indiërs in die twee Statebondslande, Suid-Afrika en Ceylon, het Pandit Nehru, Indiese eerste minister, verlede week aan landgenote gesê wat daarop aandring dat Indië die Statebond moet verlaat. „Ons uittrede uit die Statebond sal nie help nie dog eerder ons saak belemmer," het hy verklaar en daaraan toegevoeg: „Ons het invloed uitgeoefen op 'n doeltreffender wyse as wat ons andersins sou reggekry het."**

**Nehru het ook beklemtoon dat die Statebondslede „van tyd tot tyd byeenkom om beleid te bepaal."**

Vir Meubels en Radios Phil Morkel is U man!

**Besoek ons Tak in die Wandelgang, Groote Kerk-gebou, vir Radio's, Elektriese Toestelle en Meubels. Skryf aan ons Posbestellingsafdeling, Phil Morkel, Posbus 2721, Kaapstad.**

## BRILLE

**Bring u oogarts se voorskrifte vir brille na ons.**
**GOEIE WERK TEEN BILLIKE PRYSE.**
**GEHOORAPPARAAT**
**OOK IN VOORRAAD**

## Die Voortrekker-Apteek

Kerklaan, KAAPSTAD
Maitlandstraat, BLOEMFONTEIN
**Besoek ons of skryf om besonderhede**

## O.B. VRIENDSKAPSENTRUM

Groote Kerkgebou 604, Kaapstad

Vir

**Heerlike koffie: Tee: Koeldranke: Roomys: Geroosterde brood: Toebroodjies: Soep en Nagereg**

**Besoek ons wanneer u in Kaapstad is**

*Ons pryse—die billikste* — *Ons diens—die beste*

SANLAM

DIE STEMPEL VAN UITKOMS WANT BY **SANLAM** IS UITKOMS VIR ELKEEN

Dit is in tyd van nood dat 'n mens na jou eie mense soek . . .

Dit is in tyd van nood dat 'n mens jou eie mense vind – by Sanlam

Maak voorsorg vir uitkoms by SANLAM

★

## NET 'N PAAR ITEMS

**om u in staat te stel om ons pryse te vergelyk**

| | |
|---|---|
| Giant Potloodskerpmakers | 24/3 |
| Elite Draadhegmasjiene | 38/0 |
| Dubbele Glas Inkpotte | 10/9 |
| Afrolpapier 13 dm. x 8 dm. | 10/2 |
| Tikpapier 13 dm. x 8 dm. | 12/0 |
| Tikpapier 10 dm. x 8 dm. | 9/0 |
| Losblad Grootboeke—alle groottes in voorraad vanaf | 88/0 |

***Alle Kantoorbenodigdhede voorradig — Dit sal u betaal om u volgende bestelling by ons te plaas.***

**SOLMS VAN NIEKERK (EDMS.) BPK.**

**Keeromstraat 95, KAAPSTAD - Telefoon 2-7071**